



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

TOERISME

NOVEMBER 2014

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies noukeurig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoorde in VRAAG 3.2 en 3.3 tot TWEE desimale plekke af.
5. Toon ALLE berekeninge.
6. Gebruik die puntetoekenning by elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

AFDELING	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
A	Kortvrae	40	20
B	Kaartwerk en Toerbeplanning, Buitelandsevaluta- verhandeling	50	50
C	Toerismebesienswaardighede, Kultuur- en Erfenistoerisme, Bemarking	50	50
D	Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme	30	30
E	Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme, Kommunikasie en Kliëntediens	30	30
	TOTAAL	200	180

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

- 1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.

1.1.1 Die Grand Canyon is in die ... geleë.

- A VK
- B VSA
- C SAOG
- D EU

1.1.2 Hierdie ikoon word in Londen aangetref:

- A Auschwitz
- B Niagara-waterval
- C Big Ben
- D Algarve

1.1.3 Die 2014 FIFA Wêreldbeker, 'n wêreldgebeurtenis, het die volgende kenmerk:

- A Die gasheerland word nie toegelaat om borgskappe vir die gebeurtenis te kry nie.
- B Slegs die gasheerland is verantwoordelik vir die befondsing van die hele gebeurtenis.
- C Slegs die gasheerland is verantwoordelik vir die toestaan van mediaregte aan ander lande.
- D Die gasheerland is 'n mede-organiseerder van die gebeurtenis waaraan vele lande deelneem.

1.1.4 Die aanval op die Westgate-winkelsentrum in Kenia is 'n voorbeeld van hierdie tipe onvoorsiene gebeure:

Kenia-winkelsentrum-aanval


- A Resessie
- B Terrorisme
- C Natuurramp
- D Ongeluk

- 1.1.5 'n 18-jarige brugjaarstudent met 'n baie beperkte begroting sal verkies om hierdie tipe verblyf en vervoer te gebruik:
- A Selfsorgkothuis en gehuurde motor
 - B Rugsakstappers-lodge en openbare vervoer
 - C Luukse wildlodge en openbare vervoer
 - D Driesterhotel en 'n pendelbussie
- 1.1.6 Watter raad sou jy aan 'n toeris gee wat na 'n land reis waar cholera uitgebreek het?
- A Wend gereeld sonskerm aan.
 - B Drink gebottelde water.
 - C Moenie in die see swem nie.
 - D Drink malariapille.
- 1.1.7 'n Rede waarom baie lande in die Noordelike Halfrond DBT toepas:
- A Om te voorkom dat daar te veel tydsones is
 - B Om meer dagligure vir ontspanning te hê
 - C Om minder dagligure vir ontspanning te hê
 - D Om die uitbreek van voëlgriep te voorkom
- 1.1.8 Noem die funksie van die organisasie wat in die volgende logo uitgebeeld word:



- A Lig toeriste in oor gesondheidsregulasies
- B Lig rolspelers in toerisme in oor wêreldwye toerismestatistiek
- C Reguleer lugreise in die lugvaartbedryf
- D Reguleer handel in bedreigde spesies

- 1.1.9 Toeriste wat van wes na oos vlieg, volgens die rigting wat op die kaart hieronder getoon word, sal ...



- A 'n dag bykry deur oor die IDL te vlieg.
 B 'n dag verloor deur oor die IDL te vlieg.
 C een uur verloor deur oor die IDL te vlieg.
 D nie 'n dag verloor of bykry deur oor die IDL te vlieg nie.
- 1.1.10 Hierdie godsdienstige ikoon word in Jerusalem in Israel aangetref:



- A Mekka
 B Die Klaagmuur
 C Die Blou Moskee
 D Die Taj Mahal
- 1.1.11 Suid-Afrikaanse buitelandse markaandeel verwys na ...
- A die internasionale bemerking van Suid-Afrika.
 B die persentasie buitelanders wat na Suid-Afrika kom.
 C Suid-Afrikaanse besighede wat deur buitelanders besit word.
 D die persentasie uitgaande Suid-Afrikaanse reisigers.

- 1.1.12 FTTSA het onlangs hul naam na FTT verander. Die rede vir die naamsverandering is dat hulle ...
- A billike en verantwoordelike besigheidspraktyk in Suid-Afrika en buite die landsgrense aanmoedig.
 - B nie meer betrokke is by toerisme-aktiwiteite nie, want hulle het hul bedrywighede na Europa verskuif.
 - C meer politieke beleid in hul bedryfsraamwerk in Suid-Afrika ingesluit het.
 - D hul kantore na New York verskuif het en alle bande met Suid-Afrika verbreek het.
- 1.1.13 Die driedubbele slotreël het sy oorsprong uit die 2002 King II-verslag, wat die agtergrond vir ... in toerisme is.
- A tegnologie
 - B volhoubaarheid
 - C uitnemendheid
 - D seisoenaliteit
- 1.1.14 Een van die byvoordele in 'n kajuitbeampte se dienskontrak is ...
- A jaarlikse verlof.
 - B kraamverlof.
 - C afslag op reise.
 - D maandelikse besoldiging.
- 1.1.15 'n Gedragskode vereis hierdie tipe integriteit:
- A 'n Goeie waardestelsel
 - B Vaardigheidsontwikkeling
 - C Verkryging van kwalifikasies
 - D Om 'n nuwe loopbaanrigting te vind
- 1.1.16 Hierdie faktore skep 'n positiewe beeld van die personeel van 'n maatskappy:
- A Persoonlike versorging, persoonlike higiëne en 'n brandstof-toelaag
 - B Maandelikse inkomste, goeie kommunikasievaardighede en positiewe interaksie met klante
 - C Goeie kommunikasievaardighede, tydelike personeel en positiewe interaksie met klante
 - D Persoonlike versorging, persoonlike higiëne, goeie kommunikasievaardighede en positiewe interaksie met klante
- 1.1.17 Die drie 'P's' van volhoubare toerismepraktyke is planeet, profyt en ...
- A promosie ('planet, profit, promotion').
 - B verpakking ('planet, profit, packaging').
 - C mense ('planet, profit, people').
 - D prys ('planet, profit, price').

- 1.1.18 Die bewaring van plaaslike kultuur en die verkoop van plaaslike kuns en kunsvlyt vorm deel van die ... pilare van volhoubare toerismepraktyke.
- A maatskaplike en omgewings-
 - B ekonomiese en omgewings-
 - C omgewings- en mense-
 - D maatskaplike en ekonomiese
- 1.1.19 Om op 'n vriendelike wyse met klante te kan omgaan, is 'n ... vaardigheid vir 'n werknemer in die toerismebedryf.
- A tegniese
 - B rekenaargeletterdheids-
 - C beroepsgerigte
 - D interpersoonlike
- 1.1.20 'n Toerismebesienswaardigheid kan sy sukses verseker deur ...
- A die etiese gedrag van sy personeellede te verbeter.
 - B die veiligheids- en sekuriteitsplanne van die besienswaardigheid te verontagsaam.
 - C klante van ander besienswaardighede weg te lok met onrealistiese beloftes.
 - D toeriste toe te laat om die reëls te verontagsaam, solank daar 'n wins gemaak word. (20 x 1) (20)
- 1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur die woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 Bankaankoopkoers.
- | |
|---|
| belastingvrye goedere; verbode goedere; BBP; vermenigvuldigereffek;
valutaskommeling; wisselkoers; BNP |
|---|
- 1.2.1 Die totale waarde van alle goedere en dienste wat vir die jaar 2013 in Suid-Afrika geproduseer is (1)
- 1.2.2 Die vermoë van die Suid-Afrikaanse toerismebedryf om direkte en indirekte werksgeleenthede te skep (1)
- 1.2.3 Goedere wat vrygestel is van belasting (1)
- 1.2.4 Goedere wat nie deur doeane geneem mag word nie (1)
- 1.2.5 Die veranderings in die waarde van geldeenhede op 'n betrokke dag (1)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 paspoort.

- 1.3.1 Die (gedragskode/dienskontrak) bevat inligting oor die diensvoorwaardes. (1)
- 1.3.2 (Betroubaarheid/Stiptelikheid) is een van die grondbeginsels van FTT. (1)
- 1.3.3 (TOMSA/CATHSSETA) vorder toerismeheffings in wat gebruik word om Suid-Afrika te bemark. (1)
- 1.3.4 'n Toeris word aangeraai om (elektroniese fondsoordrag ('EFT')/kontant) te gebruik om vir 'n taxi te betaal. (1)
- 1.3.5 'n Buro vir buitelandse valuta in Suid-Afrika sal die (BAK/BVK) gebruik wanneer 'n buitelandse toeris dollar vir rand verruil. (1)


1.4 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 G

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Personeellede van Peter's Tours verf 'n crèche op Mandela-dag	A	natuurlike Wêrelderfenis-terrein
1.4.2	Die San-rotstekeninge in die uKhahlamba-berge	B	voorkeurverskaffing
1.4.3	Die Vredefortkoepel in die Vrystaat	C	korporatiewe maatskaplike belegging
1.4.4	Die toekenning van 'n tender aan 'n toerismebedryf	D	driedubbele slotreël
1.4.5	KwaZulu-Natal se Toerisme-owerheid betaal vir die ontwerp van 'n kronkelroetekaart van die San-rotstekeninge	E	kulturele Wêrelderfenis-terrein
		F	bemarking

(5 x 1)

(5)

1.5 Bestudeer die poskaart hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



Noem die VYF lande wat die toeris besoek het.

Skryf slegs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) en die naam van die land in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.6 China. (5 x 1)

(5)


TOTAAL AFDELING A:


40

AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING, BUITELANDSEVALUATIE-VERHANDELING

VRAAG 2

- 2.1 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart, lees die inligting wat gegee word en beantwoord die vrae wat volg.



 <p>FIFA WÊRELDBEKER <i>Brasil</i></p>	<p>Die eindwedstryd van die 2014 FIFA Wêreldbeker is op 13 Julie 2014 in die Maracana-stadion in Rio de Janeiro gespeel.</p> <p>Die afskoptyd was om 16:00, Brasiliaanse plaaslike tyd.</p> <p>[Aangepas uit www.fifa.com]</p>
--	--

- 2.1.1 Die afskoptyd in Rio de Janeiro was om 16:00. Duitsland pas DBT toe.

Bereken die tyd en die datum waarop Duitsers in Berlyn na die afskop kon kyk.

(5)

- 2.1.2 Brasilië pas DBT toe.

Dink jy hulle sal DBT gedurende die Wêreldbeker toepas? Gee EEN rede vir jou antwoord.

(2)

- 2.1.3 Suid-Afrikaanse sokkergeesdriftiges het via São Paulo na Rio de Janeiro gevlieg om na enkele van die Wêreldbekerwedstryde te gaan kyk. Hulle het op Maandag 16 Junie 2014 om 10:30 op vlug SA222 vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe vertrek. Hul totale vliegtyd, wat oorstaantyd in São Paulo ingesluit het, was 14 uur.



Bereken hul aankomstyd in Rio de Janeiro. Toon ALLE berekeninge.

(5)

- 2.1.4 Gee EEN rede waarom 'n toeris aan vluguitputting sal ly ná 'n vlug van Londen na Suid-Afrika.

(2)

- 2.2 Bestudeer die foto's en die lys items hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ROOI KANAAL	
A	
GROEN KANAAL	
B	
LYS ITEMS	
<ul style="list-style-type: none"> • Geregistreeerde kamera • Vuurwapen • 50 ml parfuum • 10 x ontwerpersjeans vir 'n winkel in Sandton • Sigarette x 400 • 1 bottel wyn 	

Tabuleer die items in die lys hierbo volgens die korrekte kanaal wat inkomende toeriste sal volg.

Teken die tabel in jou ANTWOORDEBOEK oor en skryf slegs die kanale en die korrekte items in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld:

ROOI KANAAL	GROEN KANAAL
Struik	2 pakkies lekkergoed

(6 x 1)

(6)

2.3 Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Toeriste kan die volgende op die AA se webtuiste vind:

- 'n Roetebeplanningsinstrument
- Digitale en aflaaibare kaarte
- Rekenaar om afstande te bereken
- Inligting oor toelafte en toestand van paaie



[Aangepas uit 'n AA-advertensie, Julie 2013]

2.3.1 (a) Noem die reisdokument wat deur die AA uitgereik word. (2)

(b) Noem EEN vereiste waaraan voldoen moet word om die dokument wat in VRAAG 2.3.1(a) genoem is, te kry. (2)

2.3.2 Gee EEN rede waarom 'n reisagent op die AA se webtuiste die rekenaar om afstande te bereken, sal gebruik om 'n reisprogram op te stel. (2)

2.4 Verduidelik EEN rede waarom Suid-Afrikaanse toeriste 'n reiskliniek sal besoek voordat hulle na Zimbabwe reis. (2)
[28]

VRAAG 3


3.1 Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LAND	VALUTAKODE	BAK	BVK
Verenigde Koninkryk	GBP	15.79	16.53
Europese lande	EUR	13.27	13.88
Japan	JPY	0.10	0.11

3.1.1 Noem die amptelike geldeenheid wat deur 18 Europese lande gebruik word. (1)

3.1.2 Vanuit 'n toerisme-oogpunt, noem EEN voordeel van die gebruik van die enkele geldeenheid wat in VRAAG 3.1.1 genoem is. (2)

- 3.2 Die koste van brandstofinname van 'n privaat huurvliegtuig word op die brandstofpomp hieronder getoon. (Verwys na die wisselkoerstabel in VRAAG 3.1 om die vrae te beantwoord.)



'n Britse toeris in Suid-Afrika het 300 pond. Hy verruil sy pond vir rand.

Bereken die bedrag in rand wat hy oor het nadat hy vir die brandstof betaal het. Toon ALLE berekeninge. (4)

- 3.3 'n Suid-Afrikaanse besigheidstoeris besoek Japan en het R5 000 om te spandeer.

Bereken die bedrag wat hy in jen sal ontvang deur na die inligting in die wisselkoerstabel in VRAAG 3.1 te verwys. Toon ALLE berekeninge. (3)

- 3.4 Bespreek die konsepte van buitelandse valuta wat met toerisme verband hou in 'n paragraaf.

Sluit die volgende aspekte by jou paragraaf in:


- Toeriste se behoefte aan ander geldeenhede (2)
- Wisselkoerse (2)
- Veranderings in waarde (2)
- Die invloed van 'n swak rand op inkomende en uitgaande toerisme (4)
- Voorafgelaaië buitelandsevaluta-debietkaarte as die voorkeurbetalings-metode (2)

[22]

TOTAAL AFDELING B: 50

**AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE, KULTUUR- EN ERFENIS-
TOERISME, BEMARKING****VRAAG 4**

4.1 Verwys na die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.1.1 Kelly en Mavis het albei onlangs hul graad in argitektuur verwerf. Hulle wil graag ikoon **A** en ikoon **B** besoek.

(a) Identifiseer ikoon **A** en ikoon **B**. (2)

(b) Noem die stede waar ikoon **A** en ikoon **B** geleë is. (2)

4.1.2 Beskryf EEN argitektoniese kenmerk van ikoon **A** en EEN argitektoniese kenmerk van ikoon **B**. (2 x 2) (4)

4.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE GROOT ONTNUGTERING

Daar is vasgestel dat die Taj Mahal 'n lewensgevaarlike siekte het, wat as marmerkanker bekend staan. Kenners meen dat as die lug nie gemonitor en gesuiwer word nie, die buitekant van hierdie besienswaardigheid uiteindelik swart sal verkleur.

UNESCO het 'n skoonmaakprogram van stapel gestuur. Voorkomende maatreëls sluit in:

- Die skoonmaak van die marmer
- Navorsing oor die beste moontlike skoonmaakprodukte wat die minste invloed op die marmer sal hê
- Die gebruik van waterbestande deklare aan die buitekant

'n Groen sone is ook rondom die besienswaardigheid gevestig. Dit verbied die oprigting van nywerhede en bevorder die aanplant van bome. Olieraffinaderye is aangeraai om hul besoedelingsvlakke te verlaag en hulle word aangemoedig om van steenkool na gas oor te skakel.

Verkeer is ook 'n ernstige probleem in die omgewing met hoë vlakke koolstofmonoksied in die lug. Die ikoon lok jaarliks meer as 7 miljoen toeriste. Energiebesparende busse word tans gebruik om mense na en van die besienswaardigheid te vervoer.

[Aangepas uit www.preservationeng.net]

4.2.1 Noem TWEE faktore in die gevallestudie wat tot die agteruitgang van die Taj Mahal bygedra het. (4)

4.2.2 (a) Verduidelik EEN rede waarom UNESCO betrokke is by die probleem wat met die Taj Mahal verband hou. (2)


(b) Gee TWEE redes waarom dit vir UNESCO belangrik is om navorsing oor die skoonmaakprodukte in hul skoonmaakprogram te doen. (2 x 2) (4)

4.2.3 Die Taj Mahal is een van die Sewe Wonders van die Wêreld. Dit is in die land se belang dat die Indiese Toerisme-owerheid die volgehoue sukses van die Taj Mahal sal verseker.

Gee aan die Indiese Toerisme-owerheid raad oor EEN manier waarop hulle die voortgesette sukses van die besienswaardigheid kan verseker. (2)

- 4.3 Lees die uittreksel hieronder, bestudeer die rotstekening en beantwoord die vrae wat volg.

Jy is deur die munisipaliteit van Boesmanskloof in die Sederberg-streek gevra om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verwaarloosde San-rotskuns-besienswaardigheid. Dit is nie meer gewild nie en bevorder nie meer toerisme na die dorp nie.




[Aangepas uit www.south-africa-tours-and-travel.com]

- 4.3.1 (a) Identifiseer die tipe kriminele aktiwiteit wat op die rotstekening hierbo uitgevoer is. (1)
- (b) Noem EEN oplossing om te voorkom dat hierdie tipe kriminele aktiwiteit in die toekoms plaasvind. (2)
- 4.3.2 'n Toeris het gekla dat die sekuriteitswag by die rotskunsterrein op betaling aandring as iemand foto's van die rotstekeninge wil neem.
- (a) Bespreek EEN rede waarom die sekuriteitswag se optrede oneties is. (2)
- (b) Verduidelik EEN manier waarop die bestuurder die kwessie hierbo as deel van sy bestuursplan sal aanpak om die voortgesette sukses van die besienswaardigheid te verseker. (2)
- [27]**

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1.1 (a) Identifiseer Wêrelderfenisterrein **A** en **B**. (2)
- (b) Noem die provinsie waarin die Wêrelderfenisterreine wat in VRAAG 5.1.1(a) geïdentifiseer is, geleë is. (1)
- 5.1.2 Beskrywings van Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika word hieronder gegee. Noem en pas elke WET by sy ligging op die kaart hierbo, byvoorbeeld uKhahlamba-Drakensbergpark – 7.
- (a) Hierdie terrein was 'n plek waar 'n hoogs gesofistikeerde beskawing met China, Indië en Egipte in goud en ivoor handel gedryf het. (2)
- (b) Hierdie terrein bevat sensitiewe ekosisteme van Afrika se marine-, vleiland- en savanna-omgewings. (2)
- 5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Paar jaar gelede is die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap aan die Nama-mense terugbesorg. Vandag het hulle dit reggekry om 'n balans te vind tussen hul voorvaders se 'leef-van-die-land'-leefstyl en die behoefte aan bewaring.


[Aangepas uit www.safarinow.com]

- 5.2.1 Verduidelik TWEE maniere waarop die Richtersveld Kulturele Landskap aan UNESCO se kulturele kriteria voldoen. (4)
- 5.2.2 Noem EEN manier waarop die Nama-gemeenskap voordeel trek uit die Richtersveld Kulturele Landskap as 'n Wêrelderfenisterrein. (2)

[13]

VRAAG 6

Bestudeer die spinnekopdiagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 6.1 Die opmerkings hierbo bevorder Suid-Afrika se beeld as 'n toeristebestemming.

Verwys na die opmerkings hierbo en stel TWEE ander maniere voor waarop gewone Suid-Afrikaners ook ambassadeurs kan wees wat Suid-Afrika as 'n toeristebestemming bevorder.

(4)


- 6.2 Bespreek DRIE positiewe maniere waarop 'n herkenbare wêreldhandelsmerk Suid-Afrika as 'n aantrekklike voorkeurbestemming kan posisioneer. (3 x 2)

(6)
[10]**TOTAAL AFDELING C:****50**

AFDELING D: TOERISMESEKTORE, VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

VRAAG 7

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Steak Beef Ranches is al die afgelope 30 jaar deel van die Suid-Afrikaanse familie en behou steeds sy handelsmerkbeeld, fisiese voorkoms en kenmerke.

Dit het alles in 1977 begin toe die stigter, mnr. Xolani, R3 000 belê het om die eerste Steak Beef Ranch in Rondebosch, Kaapstad, oop te maak. Die restaurant het vinnig 'n reputasie ontwikkel vir smaaklike, voedsame, waarde-vir-geld-etes. Die besigheid het oor die laaste 30 jaar gegroei tot die huidige 200 Steak Beef Ranches en is een van Suid-Afrika se herkenbaarste gesinsrestaurante.



- 7.1 Verwys na die uittreksel hierbo en verduidelik hoe hierdie maatskappy daarin geslaag het om 'n positiewe handelsmerkbeeld deur die volgende te vestig: (2)
- 7.1.1 Hul logo (2)
 - 7.1.2 Die naam van die besigheid (2)
 - 7.1.3 Die fisiese voorkoms van die besigheid (2)
 - 7.1.4 Die spesiale trekpleister vir ouers met jong kinders (2)
- 7.2 Noem TWEE voordele daarvan dat die Steak Beef Ranches 'n herkenbare, positiewe beeld het. (2 x 2) (4)
- 7.3 Verwys na die foto's hierbo en bespreek TWEE punte wat deel kan vorm van die kleredragreëls vir kelners wat by 'n Steak Beef Ranches-restaurant werk. (2 x 2) (4)

VRAAG 8

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

CTi Koeriers – Gebruik ons as jou afleweringdiens.
Ons lewer betyds af, enige plek in die wêreld.

CTi is 'n tipiese voorbeeld van 'n ondersteunende diens in toerisme wat hoofsaaklik die VBKU*/VUSG (Engels: MICE*/MESE**)-sektor bedien.**

VBKU:** Vergaderings, Belonings, Konferensies, Uitstallings *VUSG:** Vergaderings, Uitstallings, Spesiale Gebeurtenisse

MICE:** Meetings, Incentives, Conferences, Exhibitions *MESE:** Meetings, Exhibitions, Special Events

Laat die planeet 'n beter plek vir die nageslag agter

CTi is toegewy aan korporatiewe maatskaplike belegging (KMB/'CSI') en glo dat, as 'n wêreldorganisasie, daar drie hoofareas is wat ons help om ons doelwit te bereik, om te verseker dat ons die planeet 'n beter plek vir die nageslag agterlaat.

Ons KMB-strategieë is: *Lewer beter lewens*, CTi-*dinkgroen*, Vervoer jou besigheid

[Aangepas uit www.go2uti.com]

- 8.1 8.1.1 Wat verstaan jy onder *KMB* ('*CSI*')? (2)
- 8.2 8.2.1 Identifiseer CTi se strategie met betrekking tot omgewingsbewustheid. (2)
- 8.2.2 Verduidelik EEN manier waarop CTi voordeel kan trek deur 'n omgewingstrategie deel van sy KMB ('*CSI*') te maak. (2)
- 8.3

As gevolg van die aard van CTi se besigheidsbedrywighede het hulle 'n verantwoordelikheid om hul koolstofvoetspoor te verminder.
- Stel DRIE punte voor wat in CTi se omgewingsbeleidstuk oor padvervoer ingesluit kan word. (6)
- 8.4 Identifiseer die volhoubaretoerisme-pilaar in die diagram hierbo waarna 'Lewer beter lewens' verwys. (2)

[14]**TOTAAL AFDELING D: 30**

AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME, KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS**VRAAG 9**

9.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Wêreldtoerismedag, wat jaarliks op 27 September gevier word, is die grootste internasionale gebeurtenis in toerisme. Die doel van hierdie dag is om die wêreldgemeenskap van die belangrikheid van toerisme en die maatskaplike, kulturele, politieke en ekonomiese waarde daarvan bewus te maak.

Die gebeurtenis poog om die universele uitdagings, soos in die Verenigde Nasies se Millennium-ontwikkelingsdoelwitte (MOD'e) omskryf word, aan te pak en die toerismesektor se bydrae om hierdie doelwitte te bereik, te beklemtoon.

Mexiko in Sentraal-Amerika is gekies as die amptelike gasheerland vir Wêreldtoerismedag (WTD) in 2014 en Burkina Faso in Wes-Afrika vir WTD in 2015. Die onderskeie temas sal 'Toerisme en Gemeenskapsontwikkeling' vir 2014 en 'Een Miljard Toeriste, Een Miljard Geleenthede' vir 2015 wees.

[Bron: www.media.unwto.org]


- 9.1.1 Noem EEN manier waarop die aanbod van Wêreldtoerismedag waarde tot 'n land kan toevoeg. (2)
- 9.1.2 Verduidelik hoe Burkina Faso op kulturele gebied voordeel kan trek uit die aanbod van WTD. (2)
- 9.1.3 Die tema vir 2015 in Burkina Faso is 'Een Miljard Toeriste, Een Miljard Geleenthede'.
Gee TWEE moontlike redes waarom hierdie tema vir Wêreldtoerismedag 2015 gekies is. (2 x 2) (4)

- 9.2 Die waarskuwingsteken hieronder word naby hoërisiko-tsoenami-areas vertoon.



- 9.2.1 Gee EEN rede waarom hierdie waarskuwingsteken 'n belangrike deel uitmaak van rampbestuursplanne by besienswaardighede. (2)
- 9.2.2 Noem EEN negatiewe invloed wat hierdie natuurramp op 'n land as 'n toerismebestemming sal hê. (2)

9.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



9.3.1 Identifiseer Suid-Afrika se hoof inkomende mark. (2)

9.3.2 Suid-Afrikaanse Toerisme behoort in die bemarking van Suid-Afrika in Nederland te belê.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

9.4 Suid-Afrikaanse Toerisme doen navorsing oor die duur van verblyf in elke provinsie.

9.4.1 Gee EEN rede waarom toerismebedryf toegang tot hierdie inligting moet hê. (2)

9.4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

DIE GEMIDDELDE DUUR VAN VERBLYF IN GAUTENG EN DIE WES-KAAP SAT se visie vir 2015 is om die getal bednagte tot 10,5 nagte per reis te laat toeneem.	
WES-KAAP	GAUTENG
7,5 nagte	7,5 nagte

Noem EEN aksieplan wat verblyfinstellings kan implementeer om aan SAT se visie vir 2015 te voldoen. (2)

9.5 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



9.5.1 Verduidelik die elektroniese oorplasing van fondse wat in die foto hierbo uitgebeeld word, as betaalm metode in die toerismebedryf. (2)

9.5.2 Noem EEN voordeel van hierdie betaalm metode. (2)

(2)
[24]

VRAAG 10

Bestudeer die kliëntet terugvoer-instrumente **A** en **B** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

A	B
	<p>[Bron: www.cartoondoc.stock]</p>

10.1 Identifiseer die TWEE soorte terugvoer-instrumente wat in **A** en **B** hierbo getoon word. (2)

10.2 Noem EEN nadeel van die gebruik van terugvoer-instrument **A**. (2)

10.3 Gee EEN rede waarom terugvoer-instrument **B** 'n meer doeltreffende kliëntet terugvoer metode vir 'n besigheid is. (2)

(2)
[6]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 200